DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-01-28
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

16



AMI/IO/311/1/11

**SPREK MET DGSE : 21 en 23 JULIE 1987**

1. Daar is by verskillende geleenthede met DGSE kontak gemaak :

   a. Die aand van 21 Julie het die Hoof van die DGSE en een van sy offisiere mnr Pierre Lethier, HSAW, HDIO, brig Oelschig en brig Sonnekus vir aandete ontvang.

   b. HDIO en brig Oelschig het Pierre Lethier by twee ander geleenthede te woord gestaan, naamlik om 17H00 op 21 Julie en om 16H30 op 23 Julie.

2. <u>Milaan Tenkafweermissiele</u>. Pres Savimbi het 'n versoek aan die DGSE gerig om vir hom Milaan Tenkafweermissiele aan te koop. Die koste verbonde aan 120 Milaan Missiele en 30 Lanseerders beloop 51,8 miljoene Franse Frank (ongeveer R17 m). UNITA het nie die fondse vir hierdie wapentuig nie en die moontlikheid bestaan dat die RSA hierdie missiele kan bekom. 'n Antwoord in hierdie verband word benodig. Die Missiele is nuut vervaardig en is in alle opsigte diensbaar.

3. <u>Mistrale Lugafweer-missiel</u>. Dit is 'n nuwe Franse Lugafweer missiel wat tans in die finale stadium van ontwikkeling is. Dit sal na verwagting beter presteer as die Amerikaanse Stinger. Die Franse hoop om drie of vier proefmodelle hierdie jaar nog aan die RSA beskikbaar te kan stel vir toetsing in die operasionele gebied. Hulle beplan ook om volgende jaar twintig missiele van die eerste produksie modelle aan UNITA beskikbaar te maak vir aanwending teen die MPLA magte. Daar bestaan 'n moontlikheid dat die RSA Mistrale Lugafweer-missiele kan aankoop indien 'n derde land soos Zaïre dit sou bestel en die eindverbruikerssertifikate sou verskaf. Dit beteken egter dat die RSA sal moet aanvaar om ongeveer 10% kommissie aan óf Mobutu self óf aan die Minister van Verdediging van Zaïre, Likulia, te betaal.

. Apilas Tenkafweer projektiele. DGSE vra dat die RSA die esultate van die operasionele aanwending van die Apilas Tenk-afweer rojektiele moet byhou om aan die Franse te verskaf. DGSE gaan oort om die lewering van 100 Apilas Tenkafweer Projektiele aan die SA via Gaboen op 3 tot 4 Augustus 1987 te reël.

. Spes Magte Besoek aan DGSE. Mnr Lethier dui aan dat die 4 lede an Spes Magte enige tyd gedurende die tydperk 1 tot 15 September 987 besoek in Frankryk kan aflê. Hulle sou verkies dat die datums tot 12 September gebruik word.

6. HDTI Besoekspan aan DGSE. Mnr Lethier dui aan dat hierdie besoek nie voor Oktober/November hierdie jaar sal kan plaasvind nie en die aangeleenthede wat hulle bereid is om met HDTI se span te bespreek is :

a. Vyandelike elektroniese uitrusting.

b. Opsporingsuitrusting van vyandelike meeluisterapparaat vir veral in Ambassades gebruik word.

7. SAM 9 Lugafweermissiele. Mnr Lethier sê dat daar moontlik van hierdie stelsels bekom kan word via die BND in Duitsland. Hy sal met 'n volgende besoek wat na verwagting 22 tot 24 Augustus sal plaasvind, verdere terugvoer hieroor gee.

8. George Starckman (Operasie DAISY). Die DGSE het daarin geslaag om hom in Switserland op te spoor. Mnr Lethier sal nou ingaan op die moontlikheid om Starckman met 'n "nuwe transaksie" na Marokko te lok. Die RSA sal dan verantwoordelik wees vir die verdere hantering van Starckman ten einde die 20 miljoen dollar wat van die RSA geswendel is, terug te kry. Hierdie saak word uiters delikaat en uiters sensitief net deur mnr Lethier met HDIO hanteer.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014-01-28